

DIE VASTE SUURGEHALTE VAN
SUID - AFRIKAANSE
MOSTE EN WYNE.



Verhandeling ingelewer ter verkryging van
die M.Sc. (Agric.) graad aan die Universiteit
van Stellenbosch.

November 1950.

deur . J. J. RABIE.

I N H O U D S O P G A W E

Bls.

INLEIDING:

A.	Die Begrip: Die Vastesuur van Wyn	1
B.	Terminologie.....	2
C.	Die Suurgehalte van die Moë	3
D.	Die Suurgehalte van die Wyn	5
E.	Die Uitwerking van Vastesuur	11

ERRATA

Afdeling G moet lees:

Die Voor- en Nadele van n Wynsteen- of Citroensuur	16
Byvoeging.....	

Die Proef:

A.	Die Doel van die Proef	18
B.	Hoe die Proef uigelê is	18
C.	Hoe die Proef uitgevoer is	20
1.	Die Metode van die Pars	20
2.	Die Metodes van verdere Behandeling	23
(i)	Die Oortap	23
(ii)	Die Opvul	24
(iii)	Die Brei	24
(iv)	Die Afkoeling	25
(v)	Die Filtrasie	25
3.	Die Tye en Metode van Monsterneming.	25
4.	Die Analitiese Metodes Gebruik	26
D.	Die Resultate van die Proef	27

I. Die Wit Droë Wyn

1.	Die Totale Titreerbare Suurgehalte	
(i)	Tabel van die Totale Titreerbare Suur- gehalte	28
(ii)	Tabel van die Afname van die Totale Titreerbare Suurgehalte	29
(iii)	Grafiese Voorstelling van die Totale Titreerbare Suurgehalte	30
(iv)	Die Bespreking	31

(ii)

2.	Die Vlughtige Suurgehalte	
(i)	Die Tabel van die Vlughtige Suurgehalte	32
(ii)	Die Tabel van die Toename van die Vlughtige Suurgehalte	33
(iii)	Die Grafiese Voorstelling van die Vlughtige Suurgehalte	34
(iv)	Die Bespreking van die Vlughtige Suurgehalte	35
3.	Die Vaste Suurgehalte	
(i)	Die Tabel van die Vaste Suurgehalte..	37
(ii)	Die Tabel van die Afname van die Vaste Suurgehalte	38
(iii)	Die Grafiese Voorstelling van die Vaste Suurgehalte	39
(iv)	Die Bespreking van die Vaste Suurgehalte	40
4.	Die Suurheidsgraad uitgedruk as pH	
(i)	Die Tabel van die Suurheidsgraad	44
(ii)	Die Tabel van die Toename van die Suurheidsgraad	45
(iii)	Die Grafiese Voorstelling van die Suurheidsgraad	46
(iv)	Die Bespreking van die Suurheidsgraad.	47
5.	Die Totale Swaweldioksiedgehalte	
(i)	Die Tabel van die Totale Swaweldioksiedgehalte	50
(ii)	Die Grafiese Voorstelling van die Totale Swaweldioksiedgehalte	51
(iii)	Die Bespreking van die Totale Swaweldioksiedgehalte	52

(iii)

II. <u>Die Rooi Droë Wyn</u>	53
1. Die Totale Titreerbare Suurgehalte	
(i) Tabel van die Totale Titreerbare Suur- gehalte	54
(ii) Tabel van die Afname van die Totale Titreerbare Suurgehalte	55
(iii) Grafiese Voorstelling van die Totale Titreerbare Suurgehalte	56
(iv) Die Bespreking	57
2. Die Vluchtige Suurgehalte	
(i) Die Tabel van die Vluchtige Suurgehalte..	58
(ii) Die Tabel van die Toename van die Vlugh- tige Suurgehalte	59
(iii) Die Grafiese Voorstelling van die Vlugh- tige Suurgehalte	60
(iv) Die Bespreking van die Vluchtige suur- gehalte	61
3. Die Vaste Suurgehalte	
(i) Die Tabel van die Vaste Suurgehalte	63
(ii) Die Tabel van die Afname van die Vaste Suurgehalte	64
(iii) Die Grafiese Voorstelling van die Vaste Suurgehalte	65
(iv) Die Bespreking van die Vaste Suurge- halte	66
4. Die Suurheidsgraad uitgedruk as pH.	
(i) Die Tabel van die Suurheidsgraad.....	69
(ii) Die Tabel van die Toename van die Suur- heidsgraad	70
(iii) Die Grafiese Voorstelling van die Suurheidsgraad	71
(iv) Die Bespreking van die Suurheidsgraad..	72

(iv)

5.	Die Totale Swaweldioksiedgehalte	
(i)	Die Tabel van die Totale Swaweldioksiedgehalte	74
(ii)	Die Grafiese Voorstelling van die Totale Swaweldioksiedgehalte	75
(iii)	Die Bespreking van die Totale Swaweldioksiedgehalte	76
6.	Die Intensiteit van die Rooi Kleur	
(i)	Tabel van die Intensiteit van die Rooi Kleur	77
(ii)	Tabel van die Afname van die Rooi Kleurintensiteit	78
(iii)	Grafiese Voorstelling van die Intensiteit van die Rooi Kleur	79
(iv)	Die Bespreking van die Intensiteit van die Rooi Kleur	80
III.	<u>Die Gefortifiseerde Wyne</u>	82
1.	Die Totale Titreerbare Suurgehalte	
(i)	Tabel van die Totale Titreerbare Suurgehalte	83
(ii)	Tabel van die Afname van die Totale Titreerbare Suurgehalte	84
(iii)	Grafiese Voorstelling v/d Totale Titreerbare Suurgehalte	85-87
(iv)	Die Bespreking	88
2.	Die Vlugtige Suurgehalte	
(i)	Die Tabel van die Vlugtige Suurgehalte .	89
(ii)	Die Tabel v/d Toename v/d Vlugtige Suurgehalte	90
(iii)	Die Grafiese Voorstelling v/d Vlugtige Suurgehalte	91-93
(iv)	Die Bespreking v/d Vlugtige Suurgehalte.	94
3.	Die Vaste Suurgehalte	
(i)	Die Tabel v/d Vaste Suurgehalte	95
(ii)	Die Tabel v/d Afname v/d Vaste Suurgehalte	96

(v)

(iii)	Die Grafiese Voorstelling v/d Vaste Suurgehalte	97-99
(iv)	Die Bespreking v/d Vaste Suurgehalte....	100
4.	Die Suurheidsgraad uitgedruk as pH.	
(i)	Die Tabel v/d Suurheidsgraad	102
(ii)	Die Tabel v/d Toename v/d Suurheidsgraad	103
(iii)	Die Grafiese Voorstelling v/d Suurheidsgraad	104-106
(iv)	Die Bespreking v/d Suurheidsgraad	107
5.	Die Totale Swaweldioksiedgehalte.	
(i)	Die Tabel v/d Totale Swaweldioksiedgehalte	108
(ii)	Die Grafiese Voorstelling v/d Totale Swaweldioksiedgehalte	109-111
(iii)	Die Bespreking v/d Totale Swaweldioksiedgehalte	112
6.	Die Intensiteit van die Rooi Kleur.	
(i)	Tabel v/d Intensiteit van die Rooi Kleur.	114
(ii)	Tabel vir die Afname v/d Rooi Kleurintensiteit	115
(iii)	Grafiese Voorstelling v/d Intensiteit van die Rooi Kleur	116-118
(iv)	Die Bespreking van die Intensiteit van die Rooi Kleur	119
E.	Die Mikroskopiese Onderzoek	120
F.	Die Proetoetse	121
	1. Met die derde oortap	121
	2. Na wyne ongeveer ses maande gebottel. 13.	123
<u>OPSOMMING</u>	126
	1. Vaste Suurgehalte	127
	2. Vlugtige Suurgehalte	127
	3. Suurheidsgraad	129
	4. Intensiteit van Rooi Kleur	129
<u>AANBEVELINGS.</u>	130

A. DIE BEGRIEP:- DIE VASTESUUR VAN WYNE.

Wyn, die gegaste produk van vergedruide boottaan uit 'n water-alkohol oplossing van sure en soute, asook van gliserien, invertsukker, stikstof bestandele, kleur - en boeketstowe.

Van die organiese sure kan hoofsaaklik voor; die fosforsure en die komplekse sure van swavel wat deur die toediening van swaweldioksied ontstaan. Die organiese sure van belang is wynsteensuur, appelsuur, melksuur, barnsteensuur, asynsuur en ander hoër homologe. Die vermaamste soute is kalium, kalsium en magnesium.

Suid-Afrikaanse warm en droë klimatiese toestande het as gevolg dat groot hoeveelhede van die sure gedurende die rypwording van die korrel vernietig word. In vergelyking dus met die wyne van die koue wynlande van Europa, is Suid-Afrikaanse wyne uitermate arm aan vaste sure. Daarom is dit 'n algemene praktyk, om in die bereiding van goeie wyne, suur by te voeg.

Oorspronklik was slegs die byvoeging van die natuurlike suur, wynsteensuur wettig. Later is die byvoeging van citroensuur ook toegelaat. Totdusver ogter, was die Suid-Afrikaanse wynboubedryf, in baie opsigte in die duister ontrent die uitwerking van sulke byvoegings tot mos en wyne. In hierdie ondersoeking word daar gepoeg om meer lig op die saak te werp.

B. TERMINOLOGIE.

Dit is nodig dat reeds op hierdie stadium duidelik onderskei word tussen die terme Suur, Suurgehalte en Suurheidsgraad.

(i) SUUR:-

'n Suur kan gedefinieer word as 'n stof wat, wanneer dit in oplossing gaan, dit dissosiasie ondergaan met die vorming van positiewe waterstof ione.

Hoe groter hierdie graad van dissosiasie van 'n suur hoe sterker suur sal dit reageer.

(ii) SUURGEHALTE:-

Onder die Suurgehalte van 'n oplossing word verstaan die aantal gram molekule suur per liter van die oplossing. (gm.mol./l).

(iii) SUURHEIDSGRAAD:-

Die suurheidsgraad van 'n oplossing dui aan die konsentrasie van die waterstof ione (H^+) uitgedruk in milligram per liter (mgm/l). Meer algemeen word die term pH gebruik.

Die pH van 'n oplossing is 'n skryfwyse waarvolgens die graad van suurheid of alkaliniteit van enige oplossing uitgedruk kan word in terme van 'n reeks positiewe getalle van 0 tot 14. Hierdeur word die ongerieflike terme soos waterstof ion konsentrasie uitgeskakel.

Matematies uitgedruk, is die pH waarde gelyk aan die logaritme van die waterstof ion konsentrasie (H^+), met 'n negatiewe teken daarvoor.

m.a.w.

$$pH = - (\log_{10} H^+) = \log_{10} \frac{1}{(H^+)}$$

waar (H^+) die waterstof ion konsentrasie voorstel.

'n Lae pH stem dus ooreen met 'n hoë suurheidsgraad. 'n Oplossing met 'n pH van 7 is neutraal.

- 3 -

DIE SUURGEHALTE VAN DIE MOS.

Die grootste deel van die suiker wat ~~gebruik~~ ~~die~~ ~~suiker~~ van die stok gevorm word, word in die groeiende korrels gebruik vir die chemiese prosesse by groei. Dit word naamlik geoksideer. (Duits: "veratome") Daaruit ontstaan dan as onderprodukte en afvalstowwe wynsteensuur en appelsuur in groot hoeveelhede. Daarom is dit dat in groeiende korrels die suurgehalte steeds toeneem. Kroemer en von der Heide¹⁾ het dat groen (onryp) druiwe in Duitsland tot 35 gm/l bevat. Dr. Cronje vind dat die maksimum suurgehalte van onryp Hermitage druiwe van Elsenburg tot 35 gm/l is.

As die korrels voluit gegroei is hou hierdie prosesse op, d.w.s. die sure word nie verder aangevul nie.

Godurende die rypwordingstadium wat daarna intree neem die suurgehalte sterk af. Hierdie afname het betrekking op beide die appelsuur en die wynsteensuur.

'n Deel van die sure word na koolsuurgas en water geoksideer. 'n Verdere deel word aan die basiese soute van kalium, calcium en magnesium, wat deur die wortels opgeneem word, gebind. Hierdie twee oorsake van suurvermindering is die rede waarom die ryp druiwe baie minder suur smaak as die halfryp korrels.

Dit is onjuis om te beweer dat net die wynsteensuur aan die basiese gebonde is of dat die appelsuur ongebonde bly totdat alle wynsteensuur oors gebind is. Volgens Kroemer en von der Heide is die moderne opvatting dat die basiese in verhouding van die sterktes van die sure tot mekaar onder laasgenoemde verdeel word. Daarom sal daar altyd in mos vry wynsteensuur en vry appelsuur wees, al is hierdie hoeveelhede 'n klein deel van die totale vaste suurgehalte.

1.) KROEMER & VON DER HEIDE: Die Bereitung, Pflege und Untersuchung des Weines. Bls. 149.

Belangrik is die soute wat van hierdie sure gevorm word.

Wynsteensuur vorm byvoorbeeld:

- (i) Kalium-waterstoftartraat - Wynsteen.
- (ii) Bikalium-tartraat
- (iii) Kalsium-tartraat.

Hierdie soute is in water min oplosbaar en in 'n alkoholiese oplossing soos wyn nog minder oplosbaar; in teenstelling met die ooreenkomstige soute van appelsuur wat in beide water en wyn maklik oplosbaar is.

Dit is twyfelagtig of druiwemos of wyn selfs minimale hoeveelhede citroensuur bevat. Vandag egter word dit in Suid-Afrika op 'n groot skaal gebruik, veral in die bereiding van kwaliteitswino.

Citroensuur is 'n tribasiese suur. Die sterkte daarvan lê tussen die van wynsteensuur en appelsuur.

Ook kom daar in mos die vaste suur tannien voor. Dit word slegs in die pitte doppe en stingels van die druiwetros gevind, en nie in die vleis of sap nie.

In die meeste mos en wino is die tannien-gehalte baie laag. Aangesien dit ook nog die swakste vaste suur in 'n wyn is kan dit in die meerderheid van gevalle buite rekening gelaat word.

Die suurgehalte van mos en wino word gewoonlik aangegee as die gehalte aan titreerbare suur bereken as wynsteensuur, behalwe in Frankryk waar dit aangegee word as swawelsuur.

Die suurgehalte van mos wissel baie. Dit hang af van die druifsoort, die rypheidsgraad van die druiwe, die klimaatsomstandighede, die ligging en geaardheid van die grond ens. Dit is byvoorbeeld bekend dat sekere druifsoorte 'n hoër natuurlike vaste suurgehalte het as ander, en ook dat onryp druiwe suurder is as volryp druiwe. Druive afkomstig van 'n skraal, skuins grond in 'n koue klimaat kan ook verwag word om 'n hoër vaste suurgehalte te hê.

D. DIE SUURGEHALTE VAN DIE WYN.

Die suurgehalte van 'n gesonde wyn is altyd laer as die van die mos waaruit dit ontstaan het. Gedurende gisting vind daar veranderings in die suurgehalte van die mos plaas. Hierdie veranderings word voortgesit soos die wyn verouder.

Daar word sure gevorm, sure omgebou en sure uitgeskei. Die veranderings kan korteliks as volg ingedeel word:

(a) Die Toename van die Suurgehalte.(1) Die Opbou van Barnsteensuur.

¹⁾
Pasteur het aangewys dat barnsteensuur in wyn bestaan. In 1909 het Ehrlich¹⁾ gewys dat dit uit die stikstofhoudende glutaminesuur ontstaan. Glutaminesuur is waarskynlik 'n tussen-produk by die eiwitvorming van die gisselle. Die jong selle neem dit weer op, gebruik die stikstof daarin en gee weer die res as barnsteensuur terug.

¹⁾
Volgens Ehrlich bevat wyn selde meer as 1gm/l Barnsteensuur. Ek het die barnsteensuurgehaltes van die volgende wyne bepaal volgens die metode van Von der Heide.²⁾

(a) 'n Jong rooi droë wyn (6 maande oud) gemaak van Hermitage druiwe (Eisenburg)

Die vaste suurgehalte van die mos is voor gisting verhoog deur die byvoeging van wynsteensuur. Gemiddelde barnsteensuurgehalte = 1.01 gm/l.

(b) Dieselfde wyn as (a) met die verskil dat die suurgehalte voor gisting verhoog is deur die byvoeging van citroensuur.

Gemiddelde barnsteensuur gehalte = .95 gm/l

(c) Twee ouer wit droë wyne (K.W.V. uitvoer monsters 3 - 4 jaar oud)

Gemiddelde barnsteensuurgehaltes = (1) .86 gm/l
(2) .70 gm/l


1) KROEMER UND VON DER HEIDE - Die Bereitung, Pflege, und Untersuchung des Weines. bls. 233.

2) VON DER HEIDE - Der Wein.

(2) Die Vorming van Melksuur:

Dit word aangeneem dat in Suid-Afrikaanse wyne geen appel-melksuur gisting plaasvind nie omdat daar by die mikroskopiese ondersoek van 'n gesonde wyn geen organismes gevind word wat so 'n gisting kan veroorsaak nie.

Die melksuur wat in ons gesonde wyne voorkom word gedurende gisting deur gisselle, uit suikers gevorm. Volgens Baeyer ¹⁾ so hipotese word dit as volg gevorm:-



Ek het die melksuurgehalte bepaal in twee jong rooi droë wyne volgens die metode van Von der Heide ²⁾ en aansienlike hoeveelhede melksuur gevind nl: 1,4 gm/l en .8 gm/l respektiewelik (uitgedruk as wynsteensuur).

Die mikroskopiese ondersoek het getoon dat die wyne slegs rustende of dooie gisselle bevat asook enkele asynsuur bakterieë. Van ander bakterieë was daar geen of feitlik geen te vind nie.

(3) Die vorming van Vluchtige Sure:

Gedurende 'n normale gisting word asynsuur gevorm deur die gisselle. Die vluchtige suurgehalte van 'n gesonde wyn is na gisting gewoonlik tussen .2 en .4 gm/l uitgedruk as asynsuur. By 'n slopende gisting word meer vluchtige sure gevorm. Faktore wat dus 'n slopende gisting bevorder, bevorder dan ook vluchtige suurvorming.

Van die ongewenste swamme en bakterieë wat in mos en wyne voorkom is die aerobiese asynsuur bakterieë gewoonlik verantwoordelik vir die vorming van die vluchtige asynsuur uit alkohol. Die anaerobiese bakterieë vorm vluchtige sure uit verskeie ekstrak bestanddele van die wyn, byvoorbeeld suiker, gliserien, vaste sure en stofwisselingsprodukte.

Dit is twyfelagtig of daar ook vluchtige sure of selfs aldehydes gevorm kan word deur die direkte oksidasie van alkohol deur lugsuurstof. Kroeber und Von der Heide ³⁾ beweer dat dit glad nie gebeur nie.

1) SCHOEN & HIND - The Problem of Fermentation.

2) VON DER HEIDE - Der Wein.

3) KROEBER UND VON DER HEIDE - Die Bereifung, Pflege und Untersuchung des Weines. bls. 233.

(4) Die Ontwikkeling van Koolsuurgas met gisting.

Koolsuurgas in oplossing vorm die onstabiele koolsuur wat 'n aansienlike verlaging van die pH-waarde kan veroorsaak. So het byvoorbeeld die pH van kraanwater gedaal van 6.81 tot 4.16 as gevolg van inpregnasie met koolsuurgas. Bepalings is ses uur na inpregnasie gemaak.

(b) Afname van die Suurgehalte.

Die suurgehalte van 'n mos of wyn kan verlaag word as gevolg van die volgende:-

(1) Die Uitskei van Tartrate:

Mos is 'n versadigde oplossing van wynsteen, bikaliumtartraat en kalsiumtartraat. Tartrate kristalliseer reeds in die druifkorrel uit. Dit is hoofsaaklik die soute wat uitkristalliseer waarvan wynsteen (Kaliumwaterstoftartraat) die vernaamste is.

Na pers, maar nog voor gisting, kan daar met 'n temperatuur verlaging 'n verdere uitskeiding plaasvind. Dit gebeur veral waar die mos voor gisting afgesak word. Met afsakking sak die vleisdeeltjies ook uit wat sure en suursoute bevat voordat hulle in die mos opgelos kan word en is dus vir die wyn verlore.

Geneemde soute van wynsteensuur is in 'n alkoholiese oplossing nog minder oplosbaar as in 'n waterige oplossing soos mos. Gevolglik met die styging van die alkohol gehalte gedurende gisting vind daar nog 'n verdere uitskeiding plaas.

Na gisting word die reaksie-snelheid van die vorming van die onoplosbare soute uit wynsteensuur en die basiese soute nog stadiger en 'n vereadigingspunt word nie plotseling of permanent bereik nie, maar duur al stadiger voort soos die wyn verouder.

(2) Die omset van Appelsuur in Melksuur.

Onder die hoof: „Toename van die Vaste Suurgehalte“, is daarop gewys dat die melksuurgehalte van gesonde Suid-Afrikaanse wyne nie ontstaan as gevolg van bakteriologiese werking nie, maar dat dit 'n gistings produk is van die gisselle. Waar dit wel voorkom in Suid-Afrikaanse wyne

word dit as 'n siekte beskou daar dit 'n baie ongewenste suurvermindering veroorsaak al is die produkte wat gevorm word nie skadelik vir die wyn nie.


In Europese wynlande maak die appel-melksuur 'n baie belangrike deel uit van die wynbereiding.

In Europese wyno word baie min melksuur gedurende gisting gevorm. Dit is waarskynlik aan die koue klimaat en die lae gistingstemperature toe te skryf.

Moslinger vind dat met die verdwyning van appelsuur, melksuur gevorm word ten koste van die appelsuur.

Bact gracille is die vernaamste van die verskillende bakterieë wat so 'n gisting kan veroorsaak.

Die reaksie is as volg:-



Appelsuur	Melksuur	Koolsuurgas
Mol. gewig 134	Mol. gewig 90	Mol. gewig 44.

Die suurvermindering lê dus opgesluit in die volgende faktore:-

- (i) Van 100 gm. appelsuur gaan 32.8 gm. verlore as Koolsuurgas.
- (ii) Uit die dibasisiese appelsuur word die monobasisiese melksuur gevorm.

Die suurheidsgraad word hier ook verlaag, omdat melksuur swakker goedisseloor is as appelsuur.

(3) Die Bakteriologiese Gisting van Citroensuur.

Muller-Turgau en Osterwalder¹⁾ bewys dat sekere mikro-organismes in staat is om citroensuur te gis. In proewe vind hulle die volgende:

	Vlugtige suur as Asynsuur in grm/l.	Melksuur in grm/l.
Gismoster + 2.45 grm/l CS, Steriel.	.43	.54
Gismoster + 2.45 grm/l CS, + Bact mannitopoeum.	1 .10	1.000
Gismoster + 2.45 grm/l CS, + Bact, gracille.	1 .19	1 .12
Gismoster + 2.32 grm/l WSS, Steriel.	.43	.54
Gismoster + 2.32 grm/l WSS, + Bact mannitopoeum	.49	.32

Dr. C.J.G. Niehaus²⁾ wys daarop dat sekere mikro-organismes wat taamlik geredelik in Suid-Afrikaanse wyne voorkom, in staat is om citroensuur te gis. Een van die produkte wat gevorm word is asynsuur.

Van 'n relatiewe sterk suur word dus 'n swak suur gevorm. Daar word ook van die suur opgebruik en gevolglik daal die vaste suurgehalte.

(4) Die Toediening van Kalium-metabisulfaat as bron van Swaweldioksied.

In die proef met die wit droë wyne het die totale suurgehalte van die kontrole mos na 'n toediening van vier onse kalium-metabisulfaat /lêer, gestyg met .23 grm/l. Terselfdertyd het die pH-getal met .12 gedaal. Tabel No. 1 toon hoedat hierdie verskil in die suurgehalte van die twee behandelings toeneem en 'n maksimum bereik met die eerste oortap. Vanaf die derde oortap egter, daal die totale suurgehalte van die kontrole + swaweldioksied onder die van die kontrole. Ek ver-

1) MULLER-TURGAU EN OSTERWALDER: Die Bakterien im Wein und Obstwein. K
2) NIEHAUS, C.J.G. : Die Wynboer, Oktober 1935. bls. 2273.

klaar dit as volg:-

Kalium-metabisulfië is 'n sout wat, wanneer dit in oplossing gaan, suur reageer. Kort na byvoeging tot 'n wyn styg die vaste suurgehalte. (Sien Tabel hieronder) Die verhoogde K^+ ionekonsentrasie oefen dan 'n druk uit op die vorming van die onoplosbare, swak suur-reagerende wynsteen uit die sterk wynsteensuur; met die gevolg dat die suurgehalte na 'n tyd meer afneem as die van 'n wyn wat geen toediening van Kalium-meta-bisulfië gekry het nie. Dieselfde geld vir die suurheidsgraad (Sien Grafiek No. 4). Soos die meerderheid van reaksies is hierdie ook tyd-reaksies.

In 'n proef om die uitwerking van verdere kalium-metabisulfië toedienings tot 'n wyn te ondersoek, het ek die volgende resultate gekry:-

	Net Na Toediening.	
	Totale Suurgehalte.	pH
Kontrole ('n Droë Wit wyn * 6 maande oud),	4.6	3.40
Kontrole + .4 grm/l meta.	4.8	3.40
Kontrole + .4 grm/l meta.	5.2	3.50
Kontrole + 40 grm/l meta.	7.1	3.60
Gedistilleerde water.	-	5.6
Gedistilleerde water + 40 grm/l meta.	2.7	4.8

Sulke abnormale groot toedienings het dus die suurgehalte verhoog maar nie die suurheidsgraad nie.

E. DIE UITWERKING VAN VASTE SUUR
OP MOS EN WYN.

1. Op die Kondisie en Gesondheid van die Wyn.

Onder kondisie word verstaan die helderheid van 'n wyn en onder gesondheid die mate waartoe 'n wyn onderhewig is aan die werking van skadelike mikro-organismes. Daar is egter so 'n nou verband tussen die twee dat hulle gewoonlik saam behandel word.

'n Siek wyn is gewoonlik dof - m.a.w. die kondisie daarvan is swak. Wyne met 'n swak kondisie is egter nie noodwendig siek nie.

Dit is noodsaaklik dat alle wyne helder en gesond moet wees. Die vernaamste troebelinge wat in Suid-Afrikaanse wyne voorkom, kan onder die hoofde: mikrobiëse en non-mikrobiëse troebelinge ingedeel word. (Slegs die, waarby dit bekend is, dat die suurgehalte of suurheidsgraad 'n uitwerking het, word behandel.)

(a) Mikrobiëse Troebelinge:

Onder gunstige omstandighede kan verskeie skadelike bakterieë en swamme in 'n wyn so vermeerder dat hulle 'n troebeling kan veroorsaak. Hierdie mikrobies is gevoelig vir 'n hoë suurheidsgraad en wyne wat dus 'n hoë suurgehalte het kan verwag word om meer bestand te wees teen sulke siektes. (Later sal daarop gewys word dat die suurheidsgraad nie noodwendig direk ooreenstem met 'n hoë suurgehalte nie.)

Die mikrobies wat die mees algemeen voorkom is:

(i) Mycoderma vini.

Hierdie swam is aerobies en vorm 'n kim op die oppervlakte van die wyn. Dit kom veral by jong wyne voor. Die swam vernietig die kleur en die geur van 'n wyn en vorm vlugtige suur uit alkohol en sommige van die vaste sure.

(ii) Bakterium aceti.

Dit is 'n aerobiese staafvormige bakterie, wat dikwels in ongefortifiseerde wyne voorkom. Dit vorm 'n dunnerige kim op die oppervlakte van die wyn en verander alkohol in asynsuur. Die bakterie is

gevoelig vir 'n hoë suurheidsgraad en 'n hoë swaweldioksiedgehalte.

(iii) Manniet-vormende bakterieë.

Verskeie bakterieë is in staat om die siekte in 'n wyn te weeg te bring. Die bekendste is *Bact gayoni* en *Bact manmitoposum*. Die bakterieë is anaerobies en vorm in die jong stadium lang drade. Die ouer selle is korter, staafvormig. Die bakterieë val die suiker aan en is baie bestand teen alkohol maar gevoelig vir suur en swaweldioksied.

(b) Die Non-Mikrobiiese Troebelinge.

1. As gevolg van die uitskeiding van wynsteen

Dit is 'n natuurlike proses wat reëlmatig plaasvind gedurende gisting en die verdere veroudering van 'n wyn. Omdat wynsteen gevorm word as een H^+ ioon van wynsteensuur verplaas word deur 'n K^+ ioon, kan dit verwag word dat 'n wyn wat 'n hoë wynsteensuurgehalte het, ook baie wynsteensuur sal uitskei.

2. Die uitskeiding van Eiwitstowwe:

Dit is ook 'n natuurlike proses in die ontwikkeling van 'n wyn. Soms gebeur dit egter dat 'n ou wyn wat byvoorbeeld nie die regte keller-behandeling ontvang het nie dof word as gevolg van 'n verdere uitskeiding van sulke stowwe. Dit is egter twyfelagtig of die suurgehalte of suurheidsgraad 'n uitwerking hierop het.

3. Metaal troebelinge.

Die bekendste is die ferri-fosfaat en die ferri-tannaat troebelinge. Hierdie troebelinge kom hoofsaaklik voor by wyne wat 'n hoë metaalgehalte en 'n lae vaste suurgehalte het. Weliswaar los 'n wyn met 'n hoë suurgehalte makliker metaal op maar terselfdertyd is die troebeling ook meer oplosbaar in suur.

1. Op die Kleur van die Wyn.

Die uitwerking van 'n suur op die kleur is van 'n dubbele aard.

(a) Oplossend:

Die kleurstowwe van 'n wyn is oplosbaar in suur. 'n Hoë suurgehalte, veral voor en gedurende gisting is vir hierdie rede wenslik by

die bereiding van rooi wyne.

Ook in die klaar wyn speel suur 'n belangrike rol om die opgeloste kleufstowwe in oplossing te hou.

(b) Intensifiseerend.

Byvoegings van suur laat die kleur intensiteit van 'n mos toenem en meer lewendig word.

3. Op die Smaak.

Wyne wat nie suur genoeg is nie is onmaaklik en plat. Die suur bring die frisheid van 'n wyn uit. Dit geld tot 'n groter mate by droë as by soet wyne. By laasgenoemde wyne word die suur smaak dikwels bedek deur die suiker. Ook skei daar by soet wyne groter hoeveelhede suur uit as gevolg van die hoër alkohol gehalte.

Dit is hoofsaaklik die suurheidsgraad, en nie die suurgehalte nie, wat die suur smaak van 'n wyn bepaal. Daar word geproe hoe suur die wyn is en nie hoeveel suur dit bevat nie.

4. Veroudering.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die suurgehalte 'n baie verneme rol in die veroudering van 'n wyn sal speel. Daar word soms van gepraat as die „ruggraat“ waarop die wyn verouder.

Wyne met 'n hoë vastesuurgehalte verouder gewoonlik stadiger maar hul bereik 'n hoër toppunt.

Uit ondervinding het hul meer Karakter.



F. DIE UITWERKING VAN 'N SUURBYVOEGING.

Byvoegings van wynsteensuur en citroensuur tot Suid-Afrikaanse mos en wyne is met min uitsonderings 'n noodsaaklikheid in die bereiding van kwaliteitswyne. Dit is dus van belang dat die versurende uitwerking van sulke byvoegings tot wyn noukeurig ondersoek en omskryf word.


Daar is reeds op gewys dat wynsteensuur die sterkste suur in wyn is. Ook dat die tartrate weens hul swak oplosbaarheid in wyn die vernaamste rol speel in die verandering van die suurgehalte en die suur-

heidsgraad asook in die verhouding van genoemde suurgehalte en suurheidsgraad tot mekaar.

In 'n natuurlike wyn bestaan dan die volgende ewewigte.



en



asook die van die gedissosieerde Kalium soute.



Die Appelsuur en sy soute dissosieer op dieselfde manier. Eenvoudigheidshalwe egter word die hoof-nadruk gelê op wynsteensuur en sy soute.

Word nou wynsteensuur nog bygevoeg, sal dit dissosieer soos onder ewewigs-reaksie A beskryf.

In die wyn is nou 'n groter konsentrasie H^+ , H Tartraat^- en $\text{Tartraat}^{=}$ ione.

Die ewewig van reaksies A en B word dus na links gedruk. Die graad van dissosiasie van die $\text{H}_2 \text{ Tartraat}$ sal dus verlaag word en 'n klein deel daarvan mag selfs as vry suur uitskei. (Dit is egter onwaarskynlik waar suur in die gebruikelike hoeveelhede tot wyn gevoeg word).

As gevolg van die verhoogde druk van die tartraat ione word daar ook meer van die min oplosbare KH tartraat ione gevorm wat uitkristalliseer.

Die uitwerking hiervan is:-

- (1) Die „moontlike" verwydering uit die wyn - van die Suur van wynsteensuur.


- (2) Die vorming van die swak suur reagerende suur sout wynsteen uit die sterk suur wynsteensuur.
- (3) Die verwydering uit die wyn van die min oplosbare suursout wynsteen.
- (4) Die verwydering van die alkalies reagerende ione (K^+ en Ca^{++})

Slegs stowwe wat in oplossing is kan aan enige van bogenoemde reaksies deelneem.


Die uitskeiding van wynsteen sal dus sekere gemeenskaplike ione uit die wyn verwyder, wat die dissosiasie van die sterkste suur Wynsteensuur gestrem het.

Die gevolg is dat die waterstof-ioon konsentrasie (H^+) nie in verhouding tot die suurgehalte verlaag word nie, m.a.w. die suurheidsgraad daal nie in verhouding, of die pH styg nie in verhouding met die suurgehalte nie.

Word egter Citroensuur tot wyn gevoeg sal daar ook in wyn die volgende ewewigte ontstaan.



Sommige van hierdie citraat ione verbind met K^+ ione om hoofsaaklik die primêre suursout te vorm. Citrate is oplosbaar en dissosieer as volg:-



Die graad van dissosiasie van Citroensuur lê tussen die van Wynsteensuur en Appelsuur. Dit is dus 'n swakker suur as wynsteensuur. Die citraat ione wat ontstaan deur die dissosiasie van die suursoute soos in vergelyking E oefen 'n druk uit teen die dissosiasie van Citroensuur.

Die citraat ione kan egter nie dieselfde druk op die dissosiasie van die tartrate uitoefen nie, omdat hulle nie gemeenskaplike ione is nie. Die wyn bevat nou minder gemeenskaplike ione as wat die geval sou wees met 'n wynsteensuur byvoeging. Daar kan dus verwag word dat minder sure en suursoute onoplosbaar sal wees. Daardeur word egter die dissosiasie van beide die sure en hulle soute teengegaan.

Vir bostaande redes sal die suurheidsgraad van 'n wyn deur die byvoeging van CS minder verhoog word in verhouding tot sy suurgehalte as die van 'n wyn wat 'n byvoeging van wynsteensuur ontvang het.

Groot nadruk moet gelê word op die feit dat in die praktiese bepaling van die Totale suurgehalte van 'n wyn die mate van uitsakking 'n vername rol speel daar die onoplosbare dele wat nog nie uitgesak het nie, woor gedurende die bepaling in oplossing gaan en reageer asof hulle nog in oplossing was. In teenstelling hiermee kan uit die aard van die bepaling van die suurheidsgraad van 'n wyn die onoplosbare dele geen uitwerking op die resultaat hê nie, tenspyte daarvan dat hul nog in suspensie mag wees.

G. DIE VOOR- EN NADELE VAN 'N WYNSTEENSUUR OF CITROENSUUR BYVOEGING.

Daar wynsteensuur en citroensuur die enigste twee sure is wat tot mos en wyne gevoeg mag word, handel onderstaande bespreking hoofsaaklik oor die bekendste uitwerkings van so 'n byvoeging tot 'n mos of wyn.

1. Op die kondisie van die Wyn.

Wanneer citroensuur tot 'n mos of wyn gevoeg word bind dit van die K^+ ione om hoofsaaklik die suursout KH_2 -Citraat te vorm. Soute van citroensuur is oplosbaar.

Onder dieselfde omstandighede sou 'n wynsteensuur byvoeging 'n oor versadiging aan KH -Tartraat veroorsaak. Tartrate is baie onoplosbaar in wyn.

'n Wyn wat dus 'n citreensuur byvoeging ontvang het behoort dus betreklik jonk gebottel, en voor gebruik sterk afgekoel te kan word sonder dat die uitskeiding van kristalle intree en 'n troebeling veroorsaak.

2. Op die Smaak.

Die smaak van sekere wyne wat citreensuur byvoegings ontvang het, (veral wit droë wyne), is te verkies bo die waartoe wynsteensuur gevoeg is.

Van die twee is citreensuur die swakker suur en gevolglik is die suur smaak daarvan sagter.

3. Ekonomies.

Citreensuur is 'n tribasiese suur en wynsteensuur 'n dibasiese suur. Die molekulêre gewig van citreensuur is 210 en die van wynsteensuur is 168. Dus teoreties is

$$1 \text{ Citroensuur} \approx 1.2 \text{ Wynsteensuur.}$$

In die analitiese vergelyking van die kommersiële soute was:-

$$1 \text{ Citroensuur} \approx 1.107 \text{ Wynsteensuur.}$$

Die pryse van hierdie sure wissel van tyd tot tyd, maar met bestaande verhouding is dit eenvoudig om die ekonomiese voordeel van citreensuur bo wynsteensuur te bereken.

DIE PROEF.A. Die Doel van die Proef.

Om vas te stel:-

1. Die verandering wat die suurgehalte en suurheidsgraad van mos en wyn ondergaan gedurende gisting, keller-behandeling en veroudering.
2. Die invloed van toevoegings van wynsteensuur en citroensuur tot mos en wyn.
3. Die invloed van die suiker- en alkohol-gehalte van 'n wyn op hierdie veranderinge.

B. Hoe die Proef Uitgelê is.

Daar is gewerk met die volgende tipes van wyne:-

1. 'n Wit droë wyn.
2. 'n Rooi droë wyn.
3. Gefortifiseerde wyne.
 - (i) 'n Gefortifiseerde rooi droë wyn .
 - (ii) 'n Gefortifiseerde rooi soet wyn.
 - (iii) 'n Gefortifiseerde rooi jericico wyn.

Met hierdie wyntipes is dan die volgende proewe uitgelê. Afkortings is in hakke aangegee.

1. Wit droë wyn.
 - (i) Kontrole (K)
 - (ii) Kontrole + Swaweldioksied ($K + SO_2$)
 - (iii) Kontrole + SO_2 (Afgesak voor gisting) ($K + SO_2$ (Afgesak))
 - (iv) Kontrole + SO_2 + genoeg wynsteensuur, bygevoeg voor gisting om mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 6 grm/l ($K + SO_2 + WSS_1$)
 - (v) Kontrole + SO_2 + genoeg wynsteensuur, bygevoeg voor gisting om mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 8 grm/l ($K + SO_2 + WSS_2$)
 - (vi) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur, bygevoeg voor gisting om mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 6 grm/l ($K + SO_2 + CS_1$).
 - (vii) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur, bygevoeg voor gisting om die mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 8 grm/l ($K + SO_2 + CS_2$)

- (viii) Kontrole + SO_2 + genoeg wynsteensuur, bygevoeg na gisting om die suurgehalte van wyn (ii) te verhoog tot die gehalte van wyn (iv) na gisting. (K + SO_2 + WSS (NG))
- (ix) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur, bygevoeg na gisting om die suurgehalte van wyn (ii) te verhoog tot die gehalte van wyn (vi) na gisting. (K + SO_2 + OS (NG))
- (x) Kontrole + SO_2 op doppe gegis. (K + SO_2 + Doppe)

2. Rooi droë wyn.

- (i) Kontrole + SO_2
- (ii) Kontrole + SO_2 + genoeg wynsteensuur, bygevoeg voor gisting om die mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 6 grm/l.
- (iii) Kontrole + SO_2 + genoeg wynsteensuur, bygevoeg voor gisting om die mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 8 gram/l.
- (iv) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur, bygevoeg voor gisting om die mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 6 grm/l.
- (v) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur, bygevoeg voor gisting om die vaste suurgehalte van mos te verhoog na ± 8 grm/l.
- (vi) Kontrole + SO_2 + genoeg wysteensuur, bygevoeg na gisting om die suurgehalte van wyn (i) te verhoog tot die gehalte van wyn (iii) na gisting.
- (vii) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur, bygevoeg na gisting om die suurgehalte van wyn (i) te verhoog tot die gehalte van wyn (v) na gisting.
- (viii) Pres wyn van al bogenoemde behandelings.

3. Gefortifiseerde wyne.

Gelyke hoeveelhede druive is in elk van drie kuipe gepars.

- (1) Kontrole + SO_2
- (ii) Kontrole + SO_2 + genoeg wynsteensuur bygevoeg voor gisting om die mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 6 grm/l.
- (iii) Kontrole + SO_2 + genoeg citroensuur bygevoeg voor gisting om die mos se vaste suurgehalte te verhoog na ± 6 grm/l

In Gedeelte van die mos in elk van die drie kuipe word dan onderskeidelik op die volgende tydstippe gefortifiseer.

- (a) Sodra die gisting intree (Jeripico)
- (b) Na $\pm 10^\circ$ Baling uitgegis is (Soet wyn).
- (c) Na die wyn droog gegis is.

Mos (b) en (c) is saam van die doppe afgetrek.

0. Hoe die Proef uitgevoer is.

In die uitvoering van die proef is daar na gestreef om so ver moontlik met die praktyk ooreen te stem.

Gebruikte 40 gelling brandewyn vate is geneem as die mees praktiese vat-grootte.

Daar suur in meeste van die behandelings bygevoeg moes word, was dit wenslik dat druifsoorte met 'n lae natuurlike vaste suurgehalte vir die maak van die wyn gebruik moes word.

In die maak en behandelings van die wyn is standaard metodes en keldermasjienerie soos in die praktyk, gebruik.

Wyn is gemaak en balê in 'n koel, half-ondergrondse kelder.

Reeds op hierdie stadium moet daarop getrys word dat, tenspyte van die sorg wat gedra is om moontlike foute te vermy, is daar sekere moeilikhede wat nie met absolute sekerheid oorkom kan word nie. By wyne wat op doppe gis kan daar byvoorbeeld nie met sekerheid vasgestel word hoeveel van 'n bygevoegde suur, en hoe vinnig daardie suur in die doppe en vleis oplos nie, of hoeveel suur in die doppe agter bly as hul gedruk word nie. Die gehalte van die verskillende bestanddele in die eerste monster, wat kort na die maal van die druive en die byvoeging van sekere stowwe geneem word, is van groot belang daar die persentasie verandering van die bestanddele daarop beroken word.

1. Die Metode van Pars.

(1) Die Wit droë Wyn.

Die wyn is gemaak van Waltham Cross druive, geproduseer op "Bien Donne" te Groot Drukenstein. Die wingerd is opgelei en die druive was volryp en gesond.

Die druive is met 'n druive-meul in 'n hidroliese pers gemaal, toelaat om goed af te loop en matig gedruk. Die mos is in 'n oop kuip goed gemeng.

Hierna is nege lotte van 50 gelling elk uitgepomp in 'n oop balie waar die nodige byvoegings van suur en swaweldioksied gemaak is. Elke behandeling is met reingis ingeënt en in twee van die 40 gelling vaatjies droog gegis.

Behalwe die mos van die behandeling : K SO₂ (afgesak) wat eers in 'n groter vat afgesak is en daarna met reingis ingeënt, en soos die

ander gegis is.

Die behandeling: Mos + SO₂ + doppe is in 'n oop hout kuip droog gegis.

Die suur van die twee behandelings wat byvoegings na gisting sou ontvang, is met die eerste oortap gegee, daar dit onprakties sou wees om die wyn na gisting te verstoer.

Hierna is op die vasgestelde tydstippe die verdere behandelings gegee soos op bls. 23.

Die samestelling van die kontrole mos swaweldioksied en die wyn na gisting was as volg:-

Totale Suurgehalte	4.43 gm/l	4.68 gm/l.
Vlugtige Suurgehalte08 gm/l29 gm/l.
Vaste Suurgehalte	4.33 gm/l	4.32 gm/l.
Suurheidsgraad (pH)	3.84	3.65
Soortelike gewig	1.0898
Suikergehalte	190.0 gm/l	---
Alkoholgehalte	---		21.44 P.S.

Die byvoegings van swaweldioksied, reingis en suur was as volg:-

Reingis	2/3 gelling/lêer.
Kalium meta bisulfiet	4 onse / lêer.

Suur. Om die vasgestelde suurgehalte te kry is die volgende hoeveelhede suur / 50 gelling mos bygevoeg.

K + SO ₂ + WSS	394.6 gm/l
K + SO ₂ + WSS	789.2 gm/l
K + SO ₂ + CS	357.2 gm/l
K + SO ₂ + CS	714.4 gm/l
K + SO ₂ + WSS (NG)	314.6 gm/l
K + SO ₂ + CS (NG)	285.9 gm/l

(11) Die Rooi droë Wyn:

Die druiwe wat gebruik was vir die maak van hierdie wyn, was Hermitage van die Elsenburgse wingerd.. Die druiwe was volryp, maar hul was pap en het taamlik baie vrot op gehad.

Ongeveer agt-honderd pond druiwe is in elk van sewe oop houtkuipe gemaal. Elke kuip is goed deurgestrap vir tien minute.

Daarna is die nodige byvoegings van suur, swaweldioksied en reingis gemaak, elke kuip weer vir tien minute deurgetrap.

Elke kuip is iedere twaalf uur vir tien minute deurgetrap. Na vier dae was 12° B. afgegis. Die mos is van die doppe afgetrek en elke kuip is respektiewelik in twee 40 gelling vaatjies verdeel. Daarna is die doppe van elke kuip vir tien minute deurgetrap en toegelaat om droog af te loop. Hierdie afloop mos is tussen die ooreenstemmende vaatjies verdeel. Die rede hiervoor was om 'n hoeveelheid mos by elke behandeling te kry wat ooreenstem met die presmos van 'n grootskaalse wynbereiding.

Verdere gisting het dus onder geslote toestande plaasgevind. Ag dae na die maal van die druive was die wyn droog gegis.

Net soos by die wit droë wyn was daar twee behandelings wat suur toedienings na gisting ontvang het. Hierdie toedienings is met die eerste oortap gegee. Verdere behandelings soos op bls. 23.

Die samestelling van die kontrole mos swaweldioksied voor gisting en die van die kontrole wyn na gisting was as volg:-

	MOS.		WYN.
Totale Suurgehalte	4.65 gm/l	4.25 gm/l .
Vlugtige Suurgehalte21 gm/l50 gm/l .
Vaste Suurgehalte	4.39 gm/l	3.62 gm/l .
Suurheidsgraad (pH).....	3.80	3.78
Soortelike gewig	1.0899
Suikergehalte	187.5 gm/l	---
Alkoholgehalte	---		21.04 P.S.

Daar was onderling baie min verskil in die samestelling van die mos in die verskillende kuipo.

Die byvoegings van swaweldioksied, reingis en suur was as volg:-

Kalium meta bisulfiet - 6 onse/lêer.

Reingis

- $\frac{2}{3}$ gelling/lêer.

Suur. Om die vasgestelde suurgehalte te kry is die volgende hoeveelhede suur/75 gelling mos doppe bygevoeg.

K + SO₂ + WSS

592,7 gm.

K + SO₂ + WSS

1157,0 gm.

K + SO₂ + CS

550,4 gm.

K + SO₂ + CS

1126,0 gm.

K + SO₂ + WSS(NG)

732,6 gm.

K + SO₂ + CS(NG)

1262,0 gm.

(iii) Gefortifiseerde rooi wyn:

Hierdie wyn is gemaak van ~~Heurtrage~~ ~~druwe~~. ook ~~afkomstig~~ uit die Elsenburgse wingerd. Die druwe was dood ryp maar pap en het betreklik baie vrot op gehad.

Druwe is in elk van drie oop sement kuipe gemaal en vir tien minute dourgetrap.

Na die nodige toedienings van swaweldioksied, suur en reingis bygevoeg is, is die kuipe weer vir tien minute dourgetrap.

Elke kuip is iedere twaalf uur vir tien minute dourgetrap. Onmiddollik na gisting ingetree het en doppe opgestoot het, is van elke kuip genoeg mos afgetrek om na fortifikasie 40 gellings joripico wyn te gee.

Die res in elke kuip is toegelaat om 12^oB uit te gis en 'n hoeveelheid mos, genoeg om na fortifikasie 40 gellings soetwyn te gee, is van elke kuip afgetrek.

Die orige mos van elke kuip is in 'n oop hout kuip 'n verdere 6^oB uitgegis na dit van die doppe getrek is. Daarna is elke behandeling in 40 gelling vaatjies droog gegis.

Ook hier is na gisting soveel van die wyn gefortifiseer om 40 gellings gefortifiseerde rooi droë wyn te gee.

Die samestelling van die kontrole mos + swaweldioksied, voor gisting en die wyn na fortifikasie was as volg:-

	Mos.	Droog.	Soet.	Joripico
Totale suurgehalte	4.95 gm/l	4.10 gm/l	3.35 gm/l	2.15 gm/l
Vlugtige suurgehalte	.26 gm/l	.45 gm/l	.30 gm/l	.30 gm/l
Vaste suurgehalte	4.62 gm/l	3.54 gm/l	2.07 gm/l	1.77 gm/l
Suurheidsgraad (pH)	4.0	3.63	3.56	3.85
Soortelike gewig	1.10	.99	1.03	1.06
Suikorgehalte	-	-	-	-
Alkoholgehalte ..	-	22.80 ^o P.S.	31.08 ^o P.S.	32.11 ^o P.S.

Die byvoegings van swaweldioksied, reingis, was as volg:-

Kalium meta bisulfiet - 6 onse / l^oer.

Reingis - 2/3 gelling / l^oer.

Suur. Om die vasgestelde suurgehalte te kry is die volgende

hoeveelhede / 282 gellings mos doppe bygevoeg.

K + SO₂ + WSS - 2222 gm.

K + SO₂ + CS - 2008 gm.

2. Die Metode van verdere Behandolings:

(i) Die Oortap:

•Allo wyne is op die volgende tye oorgetap:-

- (a) Die eerste oortap - Dit is geger 8 dae na gisting by die ongefortifiseerde droë wyne en 8 dae na fortifikasie by die gefortifiseerde wyne.
- (b) Die tweede oortap - 14 Dae na die eerste oortap is die wyne vir die tweede keer oorgetap.
- (c) Die derde oortap - Is geger 30 dae na die tweede oortap.
Die oorsake vir die groot afname van die gemiddelde vast suurgehalte by die jong wit droë wyne, soos aangegee op bls. 40 geld ook by die gefortifiseerde wyne; asook dat hier-die wyn of mos as suuroplossing verdun word deur die byvoeging van alkohol vir fortifikasie. Die mate van verdunning hang af van die volume alkohol wat bygevoeg word om die alkoholiese sterkte van die mos of wyn te verhoog na 17 vol%. In Suid-Afrikaanse wyne kan so 'n verdunning varieer van 5% by gefortifiseerde droë wyn tot 20% by 'n jeripico wyn, afhangende van die sterkte van die spiritus of brandewyn wat gebruik word vir die fortifikasie en die sterkte van die gefortifiseerde wyn.

2. Die vaste suurgehaltes van die kontroles van die gefortifi-

seerde wyne was altyd laer as die van die ooreenstemmende behandelings wat byvoegings van wynsteensuur of citroensuur ontvang het. Van groot belang is egter, dat die persentasie afname van die vaste suurgehalte van die kontroles by die droë en die soet wyne die laagste is. By die jeripicos het die citroensuur behandeling slegs 2% minder van sy vaste sure uitgeskei as die Kontrole.

By al die gefortifiseerde wyne is dit merkwaardig dat die vaste suurgehalte van die kontroles reeds vanaf die eerste oortap die mees konstant bly.

3. Deur 'n byvoeging van wynsteensuur is die vaste suurgehalte van die kontrole foutief verhoog met .75 gm/l bo die van 'n byvoeging van citroensuur. Net soos by die rooi droë wyne sal hier dus ook waar moontlik, nadruk gelê word op die persentasie verandering.

Die wynsteensuur behandelings het by al drie die gefortifiseerde wynsoorte, uit die staanspoor so veel suur uitgeskei, dat hul suurgehaltes na fortifikasie reeds laer was, as van die citroensuur behandelings. Vanaf die eerste oortap het hierdie verskille tussen die vaste suurgehaltes van elke wynsoort min verander.

Grafiese Nos. 18, 19 en 20 illustreer dit.

Aan die einde van die proef was die totale suurverlies van die wynsteensuur behandelings van die verskillende wyne 12 - 13% groter as van die ooreenstemmende citroensuur behandelings.

- TABEL No. 31 -

Die Suurheidsgraad (pH) van die Gefortifiseerde Wyne.

(a) Gefortifiseerde Rooi Droë Wyn

Behandeling	Mos	Na Fort.	1ste Oort.	2de Oort.	3de Oort.	4de Oort.	Voor Brei	Na Brei	Na Afkoeling en Filtrasie
K + SO ₂	4.0	3.70	3.74	3.73	3.68	3.63	3.60	3.56	3.59
K + SO ₂ +WSS	3.63	3.47	3.59	3.59	3.47	3.48	3.43	3.32	3.55
K + SO ₂ +CS	3.70	3.55	3.65	3.58	3.51	3.52	3.45	3.41	3.50

(b) Gefortifiseerde Rooi Soet Wyn

K + SO ₂	4.0	3.66	3.67	3.66	3.62	3.56	3.57	3.53	3.50
K + SO ₂ +WSS	3.63	3.51	3.55	3.52	3.49	3.43	3.41	3.36	3.40
K + SO ₂ +CS	3.70	3.55	3.59	3.56	3.53	3.48	3.49	3.44	3.47

(c) Gefortifiseerde Rooi Jeripico Wyn

K + SO ₂	4.0	4.0	4.07	3.98	3.94	3.85	3.85	3.83	3.83
K + SO ₂ +WSS	3.63	3.76	4.05	3.75	3.68	3.65	3.69	3.63	3.62
K + SO ₂ + CS	3.70	3.80	3.93	3.80	3.75	3.69	3.70	3.66	3.65

Die toename van die suurneldsgraad (die afname van die pH getal)

Behandeling	10		8		14		30	
	Mos	NF	NF	1ste0	1ste0	2de0	2de0	3de 0
Kontrole(K)+SO ₂	A	B	A	B	A	B	A	B
K + SO ₂ + WSS	.30	.03	-.04	-.005	.01	.0007	.05	.0017
K + SO ₂ + CS	.16	.016	-.12	-.015	0	0	.12	.004
Gemiddelde	.20	.0203	-.09	-.0108	.038	.0019	.08	.0026

(a) Gefortifiseerde Rooi Droë Wyn

Behandeling	4		8		14		30	
	Mos	NF	NF	1ste0	1ste0	2de0	2de0	3de 0
K + SO ₂	.34	.085	-.01	-.0013	.01	.0007	.04	.0013
K + SO ₂ + WSS	.12	.03	-.04	-.005	.03	.0021	.03	.001
K + SO ₂ + CS	.15	.0375	-.04	-.005	.03	.0021	.03	.001
Gemiddelde	.20	.0508	-.03	-.0038	.02	.0017	.03	.001

(b) Gefortifiseerde Rooi Soet Wyn

Behandeling	1		8		14		30	
	Mos	NF	NF	1ste0	1ste0	2de0	2de0	3de 0
K + SO ₂	0	0	-.078	-.0088	.09	.0064	.04	.0013
K + SO ₂ + WSS	-.13	-.13	-.29	-.0363	.30	.0214	.07	.0023
K + SO ₂ + CS	-.10	-.10	-.13	-.0163	.13	.0093	.05	.0017
Gemiddelde	-.08	-.0767	-.16	-.0204	.17	.0124	.05	.0018

(c) Gefortifiseerde Rooi Jeripico Wyn

Kolom A - Die afname tussen die behandelings

Die Toename van die Suurheidsgraad (die afname van die pH getal)

100		50		20		8		240	
3de0 - 4de0		4de0 - VB		VB - NB		NB - NA & F		Totale	
A	B	A	B	A	B	A	B	Afname	%
.05	.0005	.03	.0006	.04	.0020	-.03	-.0038	.41	10.25
-.01	-.0001	.05	.0010	.11	.0055	-.23	-.0288	.08	2.20
-.01	-.0001	.07	.0014	.04	.0020	-.09	-.0113	.20	5.41
.01	.0001	.05	.0010	.06	.0032	-.12	-.0146	.23	5.95

234

8

20

50

100

-.01	-.0001	-.01	-.0002	.04	.0020	.02	-.0025	.50	12.50
.02	.0002	.02	.0004	.05	.0025	-.04	-.0050	.23	6.34
-.01	-.0001	-.01	-.0002	.05	.0025	-.03	-.0038	.23	6.22
0	0	0	0	.05	.0023	-.03	-.0038	.32	8.35

231

8

20

50

100

.09	.0009	0	0	.02	.0010	0	0	.17	4.25
.03	.0003	-.04	-.0008	.06	.0030	.01	.0013	.01	.28
.06	.0006	-.01	-.0002	.04	.0020	.01	.0013	.05	1.35
.06	.0006	-.02	-.0003	.04	.0020	.01	.0008	.08	1.96

1ste O. - Eerste Oortap.

VB - Voor Brei.


NB - Na Brei.

NG - Na Gisting

NA & F - Na Afkoeling

- Na Filtrasie


Grafiese Voorstelling v/d Suurheidsgraad (pH) v/d Gefortifiseerde Rooi Droë Wyne - Volgens Tabel No. 31



—	KONTROLE K + SO ₂
- · - · -	K + SO ₂ + WSS
- - -	K + SO ₂ + CS

MOS. VAN FORT. OORTAP 1^o OORTAP 2^o OORTAP 3^o OORTAP 4^o OORTAP 5^o OORTAP. MA BOUT. MA AFDIELING.

— GRAFIEK N^o22 —



—	KONTROLE K + SO ₂
- - -	K + SO ₂ + WSS
— · —	K + SO ₂ + CS

VOOR BREI MA BREI NA AFKOELING

4^{de} DORTAR


3^{de} DORTAR

1^{ste} DORTAR 2^{de} DORTAR

— TYD —

Grafiese Voorstelling v/d suurheidsgraad (pH) v/s suurstof

— GRAFIEK N°23 —



DIE SUURHEIDSGRAAD VAN DIE GEFORTIFISEERDE
WYNE.

1. Die gemiddelde suurheidsgraad van die gefortifiseerde droë wyne styg meeste tot na fortifikasie maar daal weer helfte soveel tot die eerste oortap. Daarna, tot die wyne afgekoel word styg dit weer langsam. Gedurende laagsgemoemde behandeling neem die gemiddelde suurheidsgraad weer sterk af.

By die soet wyne volg die gemiddelde suurheidsgraad min of meer dieselfde patroon met die verskil dat die veranderinge hier kleiner was behalwe gedurende die periode tot na fortifikasie waar die gemiddelde daaglikse styging groter was as by die gefortifiseerde droë wyne.

By die jeripico wyne daal die gemiddelde suurheidsgraad baie vinnig tot die eerste oortap. Daarna styg dit weer vinnig tot die tweede oortap van waar dit al stadiger styg tot die wyne vir die vierde keer oorgetap word. Na die vierde oortap daal die gemiddelde suurheidsgraad 'n bietjie tot voor brei maar styg daarna weer langsam tot na afkoeling en filtrasie

2. By die gefortifiseerde droë en soet wyne, dit wil sê, die wyne wat 'n mate van gisting ondergaan het, het die kontrole wyn die meeste gestyg tot na fortifikasie. Gedurende hierdie periode het dit by die jeripicos konstant gebly. Vanaf fortifikasie het die kontroles die grootste mate van konstantheid getoon. Soos Tabel No. 32 aantoon, was die totale afname van die pH getal van die kontroles van die verskillende gefortifiseerde wyne altyd die hoogste.

3. 'n Toediening van wynsteensuur tot die mos van die gefortifiseerde wyne, het die suurheidsgraad daarvan meer laat styg as 'n soortgelyke toediening van citroensuur. So byv. het wynsteensuur die pH getal van die mos verlaag met .37 in vergelyking met 'n verlaging van .30 veroorsaak deur die ooreenstemmende toediening van citroensuur. Met min uitsondering het die wynsteensuur behandelings tot aan die einde van die proef suurder gebly as die citroensuur behandelings. (Sien Tabel 31).

- TABEL No. 33 -

Die Totale Swaweldioksiedgehalte v/d Gefortifiseerde Wynne (in mgrm/l)

(a) Gefortifiseerde Rooi Droë Wyn

Behandeling	Mos	Na Fort.	1ste Oort.	2de Oort.	3de Oort.	4de Oort.	Voor Brei	Na Brei	Na Afkoel. en Filtr.
K + SO ₂	12.1	40.5	36.5	33.5	40.0	35.5	25.0	22.0	23.0
K+SO ₂ +WSS	7.4	43.5	40.5	40.0	43.5	30.0	28.0	22.3	17.0
K + SO ₂ +CS	7.2	42.0	39.0	44.0	52.0	38.0	27.0	21.0	20.5

(b) Gefortifiseerde Rooi Soet Wyn


K+SO ₂	12.1	47.0	38.5	30.0	46.0	32.5	40.0	43.0	40.8
K+SO ₂ +WSS	7.4	51.0	44.3	34.0	53.0	42.5	47.3	43.5	45.5
K+SO ₂ + CS	7.2	50.3	44.0	35.0	49.5	34.5	40.0	38.0	38.5

(c) Gefortifiseerde Rooi Jeripico Wyn

K + SO ₂	12.1	38.5	39.5	34.0	51.5	46.5	43.0	41.5	42.0
K+SO ₂ +WSS	7.4	38.5	43.0	36.0	44.8	47.5	61.5	64.5	64.0
K+SO ₂ +CS	7.2	40.0	43.8	30.0	50.0	32.5	40.0	40.5	41.5

Grafiese Voorstelling v/d Totale Swaweldioksiedgehalte v/d Gefortifiseerde Rooi Droë Wyne - Volgens Tabel No. 33

- GRAFIEK N^o24 -




KONTROLE K + SO₂
K + SO₂ + WSS
K + SO₂ + CS

1^{ste} DORTAP 2^{de} DORTAP 3^{de} DORTAP 4^{de} DORTAP VOOR BREI NA BREI NA AFKOELING

-112-

Grafiese Voorstelling v/d Totale Swaweldioksiedgehalte v/d Gefortifiseerde Rooi Soet Wyne - Volgens Tabel No. 33

- GRAFIEK N^o25 -




—○—	KONTROLE K + SO ₂
-□-	K + SO ₂ + WSS
-△-	K + SO ₂ + CS

Grafiese Voorstelling v/d Totale Swaweldioksiedeghalte v/d Gerortlisseerde Rooi Serripico Wyne

VOLGENS TABEL NO. 25

— GRAFIEK N^o 26 —



Die Swawel dioksiedgehalte van die Gefortifiseerde Wyne.

Die gemiddelde swawel dioksiedgehalte van die gefortifiseerde wyne daal vanaf fortifikasie tot die tweede oortap. Daarna tot die derde oortap styg dit weer en daal dan tot die vierde oortap.

Tot aan die einde van die proef daal die gemiddelde swawel dioksied gehalte van die gefortifiseerde rooi dorë wyn. By die soet wyne toon dit die neiging om vanaf die vierde oortap konstant te bly, en by die teripicos om te styg.

Weens die wisselvalligheid van, veral die latere toedienings van swawel dioksied (sien bls. 52), kan daar nie te veel waarde aan hierdie skynbare verband tussen die swawel dioksiedgehalte en suurgehalte geheg word nie. Dit is ogter bekend dat suiker swaweldioksied kan bind.

- TABEL No. 34. -

Die Intensiteit v/d Rooi Kleur van die Gefortifiseerde Wyne.(a) Gefortifiseerde Rooi Droë Wyn

Behandeling	Mos	Na Fort.	1ste Oort.	2de Oort.	3de Oort.	4de Oort.	Voor Brei	Na Brei	Na Afkoel. en Filtr.
K + SO ₂	15	44	40	50	49	53	52	47	45
K+SO ₂ +WSS	13	65	55	68	62	74	69	64	60
K+SO ₂ + CS	15	51	46	55	52	54	54	53	50

(b) Gefortifiseerde Rooi Soet Wyn

K+SO ₂	15	42	43	48	63	60	61	53	53
K+SO ₂ +WSS	13	51	56	66	81	78	81	70	67
K+SO ₂ +CS	15	43	48	53	63	63	61	56	57

(c) Gefortifiseerde Rooi Jeripico Wyn

K + SO ₂	15	18	21	34	30	32	32	37	31
K+SO ₂ +WSS	13	32	38	56	45	47	47	40	39
K+SO ₂ + CS	15	28	30	48	41	43	43	35	32

Die Afname van die Rooi Kleur-Intensiteit.

Tydsduur in dae	10		8		14		30	
	Mos - NF		NF - lsteO		lsteO - 2deO		2deO - 3de O	
	A	B	A	B	A	B	A	B
Behandeling								
Kontrolle(K)+SO ₂	-29	-2.9	4	.5	-10	.7143	1	.0333
K+SO ₂ + WSS	-52	-5.2	10	1.25	-13	-.0093	6	.2
K+SO ₂ + CS	-36	-3.6	5	.625	-9	-.6429	3	.1
Gemiddelde	-39	-3.9	6.33	.7917	-10.67	-.7619	3.33	.3333

(a) Gefortifiseerde Rooi Droë Wyn

Tydsduur in dae	4		8		14		30	
	K + SO ₂		K + SO ₂ + WSS		K + SO ₂ + CS		Gemiddelde	
	A	B	A	B	A	B	A	B
K + SO ₂	-27	-6.75	-1	-.125	-5	-.3571	-15	-.5
K + SO ₂ + WSS	-38	-9.5	-5	-.625	-10	-.7143	-15	-.5
K + SO ₂ + CS	-28	-4.0	-5	-.625	-5	-.3571	10	.3333
Gemiddelde	-31	-7.75	-2.76	-.4583	-6.67	-.4762	-6.67	-.3333

(b) Gefortifiseerde Rooi Soet Wyn

Tydsduur in dae	1		8		14		30	
	K + SO ₂		K + SO ₂ + WSS		K + SO ₂ + CS		Gemiddelde	
	A	B	A	B	A	B	A	B
K + SO ₂	-3	-3	-3	-.375	-13	.0093	4	.1333
K + SO ₂ + WSS	-19	-19	-6	-.75	-18	-1.286	11	.3667
K + SO ₂ + CS	-13	-13	-2	-.25	-18	-1.286	7	.2333
Gemiddelde	-11.67	-11.67	-3.67	-.4583	-16.33	-1.167	7.33	.2444

(c) Gefortifiseerde Rooi Jeripico Wyn

Die Afname van die Rooi Kleur Intensiteit.

100		50		20		8		240	
3de O	4de O	4de O - VB		VB - NB		NB - VA & F		Totale Afname	% Afname
A	B	A	B	A	B	A	B		
-4	-.041	1	.02	5	.25	2	.25	-30	-200.0
-12	-.12	5	.1	5	.25	4	.5	-47	-361.5
-2	-.02	0	0	1	.05	3	.3	-35	-233.3
-6	-.06	2	.04	3	.18	3	.3	-37.33	-264.93

Iste O. - Eerste

Oortap

VB - Voor Brei

NA - Na Brei

NA & F - Na Af-

Koeling

en Filtrasie

NG - Na Gisting.

100		50		20		8		234	
3	.03	-1	-.02	8	.4	0	0	-38	-253.3
3	.03	-3	-.06	11	.55	3	.3	-54	-415.4
0	0	2	.04	5	.25	-1	-.13	-42	-280.0
2	.02	..67	-.01333	8	.4	.67	.08	-44.67	-316.2


100		50		20		8		231	
-2	-.02	0	0	-5	-.25	6	.75	-16	-106.7
-2	-.02	0	0	7	.35	1	.13	-26	-200.0
-2	-.02	0	0	8	.4	3	.3	-17	-113.3
-2	-.02	0	0	3.33	.1667	3.33	.4167	-19.67	-140.0

Kolom A - Die afname tussen die handelings.

Kolom B - Die gemiddelde afname per dag.

Grafiese Voorstelling v/d Rooi Kleur Intensiteit v/d Gefortifiseerde Rooi Droë Wyne - Volgens tabel No. 30

— GRAFIEK № 27 —




—	KONTROLE	K + SO ₂
- - -	K + SO ₂ + WSS	
· · ·	K + SO ₂ + CS	

AKSE: 1ste OORSAP, 2de OORSAP, 3de OORSAP, 4de OORSAP, 5de OORSAP, NA BREI, NA AFKOELING, VOOR BREI

— TYD —

Grafiese Voorstelling v/d Rooi Kleur Intensiteit v/d Geortifiseerde Rooi Soet wyne - Volgens tabel No. 36

- GRAFIEK N^o28 -




- TYD -

—	KONTROLE K + SO ₂
.....	K + SO ₂ + WSS
----	K + SO ₂ + CS

Gradiëse voorstelling v/d rooi kleur. Intensiteit v/d 1^{ste} tot 5^{de} oorsprong v/d rooi kleur. Volgens tabel no. 20

— GRAFIEK N^o 29 —



—	KONTROLE K + SO ₂
- - -	K + SO ₂ + WSS
- · - · -	K + SO ₂ + CS

Mees. diepte 1^{ste} oorsprong 2^{de} oorsprong 3^{de} oorsprong 4^{de} oorsprong 5^{de} oorsprong

DIE INTENSITEIT VAN DIE ROOI KLEUR VAN DIE GEFORTIFISEERDE WYNE

1. Die gemiddelde kleurintensiteit van die gefortifiseerde droë wyne styg baie tot na die fortifikasie. Tot die eerste oortap neem dit af en neem dan weer toe tot die tweede oortap om weer effens af te neem tot die derde oortap. Van die derde tot die vierde oortap neem die gemiddelde kleur van die wyne min toe. Vandaar tot na afkoeling en filtrasie daal die rooi kleur met toenemende snelheid.

By die soet wyne styg die kleur vinnig tot na fortifikasie. Daarna tot die derde oortap neem die kleur toe maar nie so vinnig soos voor fortifikasie nie. Dan daal dit baie stadig maar neem weer effens toe tot voor brei. Beide, gedurende brei en afkoeling neem die gemiddelde kleurintensiteit af.

Die gemiddelde intensiteit van die rooi kleur van die jeripico wyne styg vinnig tot die wyne hul tweede oortap gegee is. Tussen die tweede en derde oortappe neem dit weer af en bly dan feitlik konstant totdat die wyne gebrei en afgekoel word wanneer die kleur weer verminder.

2. By al drie die gefortifiseerde wynsoorte was die rooi kleur van die behandelings wat wynsteensuur toedienings voor gisting ontvang het die donkerste en die van die kontroles die ligste.

3. Die soetwyne het die meeste in kleur toegeneem en die jeripico wyne die minste.

F. DIE MIKROSKOPIESE ONDERSOEK VAN DIE
WYNE.

Net voor die vierde oortap is alle wyne mikroskopies onder-
soek vir die teenwoordigheid van gisselle, asynsuur bakterie, en
manniet-melksuur bakterie.

Feitlik geen gisselle of manniet-melksuur bakterie is in
enige van die wyne aangetref nie.

Die asynsuur bakterie-inhoud van die droë wyne was as volg:

WIT DROË WYNE.

BEHANDELING	ASYNSUUR BAKTERIE
Kontrole (K)	Taamlik
K + SO ₂	Taamlik
K + SO ₂ (Afgesak)	Feitlik geen
K + SO ₂ + WSS ₁	Feitlik geen
K + SO ₂ + WSS ₂	Feitlik geen
K + SO ₂ + OS ₁	Taamlik
K + SO ₂ + OS ₂	Feitlik geen
K + SO ₂ + WSS (NG)	Taamlik
K + SO ₂ + OS (NG)	Taamlik Baie
K + SO ₂ + doppe	Baie

ROOI DROË WYNE.

BEHANDELING	ASYNSUUR BAKTERIE
Kontrole (K) + SO ₂	Baie
K + SO ₂ + WSS ₁	Taamlik
K + SO ₂ + WSS ₂	Feitlik geen
K + SO ₂ + OS ₁	Baie
K + SO ₂ + OS ₂	Baie
K + SO ₂ + WSS(NG)	Taamlik
K + SO ₂ + OS (NG)	Baie
Presmos	Taamlik

PROEFTOETS E.

Wyne is gerangskik in volgorde van waarde.

Wit Dröë Wyne : (geproes op 30. 4. 48)

Neus.

1. Kontrole + SO₂ en Kontrole + SO₂ (Afgesak) is die suiwerste wyne en ook baie fyn en fris.
2. Kontrole + SO₂ + CS₁ en Kontrole + SO₂ + WSS₁ is ook baie goed maar nie so fyn soos (1) nie. Die citroensuur behandeling is miskien effens geuriger as die wynsteensuur.
3. Kontrole + SO₂ + CS₂ is nie so goed soos (2) nie.
4. Kontrole + SO₂ + WSS₂ het nog 'n sterk gisreuk. Die wyn kom jonger voor as die ander. Kontrole + SO₂ + WSS(NG) het ook tot 'n sekere mate 'n gisreuk maar dit is nie so erg soos eersgenoemde wyn nie.
5. Kontrole + SO₂ + CS(NG) het 'n effens onsuiwer geur.
6. Die Kontrole sonder SO₂ het 'n skerp vatreuk.

Smaak.

1. Kontrole + SO₂ en Kontrole + SO₂ (afgesak)
2. Kontrole + SO₂ + CS₁ voor gisting en die ooreenstemmende wynsteensuur behandeling is albei baie aangenaam. Laasgenoemde is dalk 'n voller en aangenamer wyn as die citroensuur behandeling.
3. Die Kontrole + SO₂ + CS₂ is te hard en skerp suur.
4. Kontrole + SO₂ + WSS₂ is ook baie hard en skerp. Die wyn het ook 'n gissmaak.
5. Daar is min te kies tussen die wyne waartoe wynsteensuur of citroensuur na gisting gevoeg is. Albei is goeie wyne, alhoewel die citroensuur behandeling waarskynlik die beste van die twee is.
6. Die Kontrole sonder SO₂ is 'n swak wyn. Dit is gekontamineer deur die vat.

Die Kontrole + SO₂ + doppe herinner glad nie aan 'n wyn nie.
Dit het 'n onnatuurlike vrugtegeur en 'n nare harsagtige stingelsmaak.

Die Rooi Droë Wyne : (geproe 16. 5. 48)

Neus

1. Die Kontrole het 'n baie aangename fyn vrugte geur. Dit is nie juis 'n tipiese Hermitage geur nie.

Die Kontrole + SO₂ + WSS₁ kom baie ooreen met bogenoemde kontrole - 'n fyn geurige wyn.

2. Die wyne waartoe suur na gisting gevoeg is kom baie ooreen met mekaar. Albei is geurige suiwer wyne, hoewel nie so goed soos (1) nie.

3. Die Kontrole + SO₂ + WSS₂ het 'n meer tipiese Hermitage geur, maar is nie so suiwer soos (1) nie. Die wyn is effens benoud.

4. Die Kontrole + SO₂ + OS₁ is benoud en het 'n tipiese Hermitage grond geur.

5. Die Kontrole wyn + SO₂ waartoe die groot citroensuur byvoeging voorgisting gevoeg is, is swak. Die wyn is onsuier en gekontamineer deur die vat.

Smaak:

1. Die Kontrole + SO₂ + WSS₂ is hier die beste wyn. Dit is 'n vol aangename wyn met karakter. Nog 'n bietjie suur.

2. Die wyn wat die kleiner toediening van wynsteensuur voor gisting gekry het, is ook aangenaam, hoewel dunner en papier as (1)

3. Beide die wyne waartoe suur na gisting gevoeg is, is goed maar baie skerp suur.

4. Die Kontrole + SO₂ is suiwer maar baie pap en dun. Die wyn het nie karakter nie.

5. Die Kontrole + SO₂ + OS₂ is dun en pap.

6. Die Kontrole + SO₂ + OS₂ is baie frank en het 'n onsuier vat smaak.

Die presnos wyn is in alle opsigte 'n goeie wyn hoewel nog effens benoud op die neus.

Die Gefortifiseerde wyne - (20. 6. 48)

I. Die Gefortifiseerde droë wyne.

Die Kontrole + SO₂ + WSS is hier die beste wyn beide wat aroma en smaak betref. Dit is 'n vol aangename wyn met 'n baie goeie kleur vir Hermitage.

Die wyn met 'n citroensuur toediening en die kontrole is baie eners, hoewel eersgenoemde voller en frisser smaak. Dit word dus verkies bo die kontrole.

II. Die soet wyne:

Daar is min verskol tussen die wyne, hoewel die een met citroensuur veral wat smaak betref, die beste is en eerste geplaas word. Die met wynsteensuur word tweede geplaas en die kontrole is die swakste. Die wyne is al drie effens pap met min geur.

III. Die Jeripico wyne.

Hier is die wyn met citroensuur uitstaande en van baie goeie gehalte. Dit is in vol geurige wyn.

Die wyn met wynsteensuur word tweede geplaas en kan ook beskou word as 'n eersteklas wyn.

Hierdie drie wyne is as 'n klas die beste en word al drie as baie goeie wyne ge klassifiseer veral as in aanmerking geneem word dat hulle van Hermitage druiwe gemaak is wat so 'n hoë opbrengs gelewer het.

Die Gebottelde wyne --

Die Wit Droë Wyne - (28. 5. 49)

Neus

1. Die Kontrole + SO₂ (afgesak) en die Kontrole + SO₂ + WSS₂ is albei goeie wyne met 'n fyn en suiwer geur. Eersgenoemde wyn kan beskou word as die beste van die twee.
2. Die Kontrole + SO₂ is ook 'n baie geurige wyn maar ongelukkig is dit effens bederf deur die vat.
3. Die Kontrole + SO₂ + citroensuur voor gisting en die wyn wat die ooreenstemmende suur toediening na gisting gekry het was nie so goed soos (2) nie. Die wyne was albei effens benoud.

4. Die Kontrole + SO₂+ WSS (NG) is ook benoud, en ruik na semels.
5. Die Kontrole sonder SO₂ en die Kontrole + SO + WSS₁ is baie eners. Albei die wyne het egter 'n benoude, semels geur. Van die twee wyne is laasgenoemde die beste.
6. Die Kontrole + SO₂+ OS₂ is bederf deur 'n stink vat geur.

Smaak.

1. Die Kontrole + SO₂+ WSS₁ en WSS₂ is vol aangename wyne. Eersgenoemde is miskien 'n bietjie frankerig en het 'n kookmaak. Die Kontrole + SO₂+ WSS₂ smaak baie suur. Origns is dit egter die beste wyn.
2. Die wyne wat byvoegings van suur na gisting gekry het, is albei goeie wyne. Die wynsteensuur behandeling is die blinkste van die twee maar is ook effens frank.
3. Die Kontrole + SO₂+ OS₁ is 'n bietjie pap. Dit is 'n beter wyn as die Kontrole + SO₂+ OS₂ wat weer skerp suur is.
4. Van die drie Kontroles moet die Kontrole + SO₂ (afgesak) eerste geplaas word en die Kontrole sonder SO₂ laaste. Al drie die wyne is pap en het 'n duidelike kookmaak. Die Kontrole wyn sonder SO₂ is waterig sonder enige karakter.

Die Kontrole + SO₂+ doppe het 'n slegte onaangename geur. Die smaak is totaal bederf deur die hoë tanniengehalte. Die wyn is donker in kleur en effens dof.

Die Rooi Droë Wyne. - (28. 5. 49)

Neus.

1. Die Kontrole + SO₂ + WSS₁ voor gisting is die beste wyn. Dit is suiwer en fyn van geur en van 'n hoër gehalte as die Kontrole + SO₂+ WSS₂ wat tot 'n mate deur die vat bederf is.
2. Die Kontrole + SO₂ is 'n suiwer geurige wyn dog nie so goed soos (1) nie.
3. Die wyne wat suur byvoegings na gisting gekry het is ook geurige wyne met die tipiese Hermitage geur maar is albei gekontamineer deur

die vat. Die wyn waartoe citroensuur na gisting gevoeg is, is effens benoud maar tenspote daarvan is dit beter as die wynsteensuur behandeling.

4. Die Kontrole + SO_2 + CS_1 en CS_2 is albei effens benoud en gekontamineer deur die vat. Die Kontrole + SO_2 + CS_2 is hoog in vlugtige suurgehalte.

Smaak.

1. Die K + SO_2 + WSS_1 is 'n vol geurige wyn met karakter. Op hierdie stadium is dit die beste wyn in hierdie klas.
2. Die Kontrole + SO_2 + WSS_2 is ook 'n wyn van hoë gehalte maar is miskien te suur en 'n bietjie bederf deur die vat.
3. Die behandelings waartoe wynsteensuur of citroensuur na gisting gevoeg is, is albei goeie wyne maar hul is baie skerp suur. Die wyne is ook effens benoud en 'n bietjie bederf deur die vat. Myns insiens is die citroensuur behandeling die beste van die twee.
4. Die Kontrole + SO_2 is 'n waterige wyn en het nie genoeg karakter nie.
5. Die Kontrole + SO_2 + CS_1 is swakker as (3). Die wyn is ook te dun en pap.
5. Die Kontrole + SO_2 + CS_2 is 'n swak wyn. Beide die vaste en die vlugtige suurgehalte is te hoog.

Die wyn van die presmos het ontwikkel in 'n vol aangename wyn. Ongelukkig is dit effens benoud.

Die Gefortifiseerde Wyne -- (28. 5. 49)

Die Gefortifiseerde droë wyne

Tussen die gefortifiseerde droë wyne was daar baie min verskil beide wat geur en kleur betref. As 'n geheel is die kwaliteit van hierdie wyne goed.

Die soet wyne

Daar was feitlik geen verskil tussen die geur van die verskillende soet wyne nie. Wat die smaak betref was die kontrole + SO_2 + CS die beste en die kontrole die swakste.

As 'n klas is die soet wyne die swakste van die gefortifiseerde wynsoorte. Die wyne is al drie effens pap.

Die Jeripico wyne.

Hier is die Kontrole + SO₂+ OS die beste wyn. Die wynsteensuur behandeling is byna gelykstaande daaraan. Albei is vol geurige wyne van 'n baie hoë gehalte.

As 'n klas is die jeripicos die beste wyne.

By die beoordeling van die wyne moet dit in aanmerking geneem word dat die klein vatgrootte die gehalte van sommige wyne abnormaal bevorder het en ander benadeel het.

OPSOMMING

Hieronder word die verskillende wynsoorte korteliks met mekaar vergelyk wat hulle vaste suurgehalte, vlugtige suurgehalte, suurheidsgraad en kleur betref.

Die volgende indeling word gebruik:-

1. Bespreking van die kontroles.
2. Vergelyking tussen die klein en die groot toedienings van wynsteensuur.
3. Dieselfde met citroensuur.
4. Vergelyking tussen wynsteensuur en citroensuur behandelings.
5. 'n Vergelyking van wynsteensuur en citroensuur byvoegings na gisting.
6. 'n Vergelyking tussen suurbyvoegings voor en na gisting.

VASTE SUURGEHALTE.

As gevolg van die relatiewe lae persentasie afname was die vaste suurgehalte van die kontroles aan die einde van die proef betreklik hoog in verhouding tot die ander behandelings.

Na verwagting was die vaste suurgehaltes van die wyne wat voor gisting die groot toedienings van suur gekry het aan die einde van die proef hoër as die van die wyne wat die kleiner byvoegings van die ooreenstemmende suur gekry het. Van belang is, dat die totale afnames van die vaste suurgehalte in verhouding tot die grootte van die suurtoediening kleiner is by die wyne wat die groot toedienings van suur gekry het.

Die wynsteensuur behandelings van die wit droë wyne het gemiddeld 'n groter persentasie afname van vaste suurgehalte as die citroensuur behandelings. By die rooi droë wyne was dit net andersom maar by die gefortifiseerde wyne skei die wynsteensuur behandelings baie meer suur uit as die citroensuur behandelings. Die totale afname van die vaste suurgehaltes varieer volgens die graad van gisting.

Wat suurbyvoegings na gisting betref, is die persentasie afname van die wynsteensuur behandeling van die wit droë wyne die kleinste en by die rooi droë wyn was dit groter as die van die citroensuur byvoeging.

Met uitsondering van die wit droë wyn wat 'n citroensuur byvoeging gekry het, is die persentasies afname van die vaste suurgehaltes van die behandelings waartoe suur na gisting gevoeg is, kleiner as die van die behandelings wat voor gisting suurtoedienings gekry het.

DIE VLUGTIGE SUURGEHALTE.

By die wit droë wyne styg die vlugtige suurgehalte van die behandelings wat byvoegings van suur voor gisting gekry het minder as die van die kontrole.

Daar is egter nie veel verskil tussen die vlugtige suurgehaltes van die wyne wat voor gisting die klein of groot byvoegings van wynsteen of citroensuur gekry het.

By die rooi droë wyn was die vlugtige suurgehalte van die mos hoër as die van die wit droë wyn.

Daar was feitlik geen verskil in die vlugtige suurgehalte van die wyne wat voor gisting klein of groot byvoegings van wynsteensuur gekry het nie. Beide het min toegeneem. Na afkoeling was elk nog onder 5 grm/l. In teenstelling daarmee het die vlugtige suurgehalte van beide die ooreenstemmende citroensuur behandelings tot oor die 1 grm/l gestyg. Trouens die behandeling wat die groot toediening gekry het, het die kleiner met 3 grm/l oortref.

Die hoë alkohol gehalte van die gefortifiseerde wyne het alle behandelings beskerm teen 'n styging van die vlugtige suurgehalte na fortifikasie.

Die vlugtige suurgehaltes van die wit droë en die rooi droë wyne, waartoe citroensuur eers na gisting gevoeg is het gedurende die proef meer as die ooreenstemmende wynsteensuur behandelings toegeneem. Die verskil was grootste by die wit droë wyn. Aan die einde van die proef was die vlugtige suurgehalte van hierdie wynsteensuur behandelings ongeveer dieselfde as hulle kontroles.

Om die vorming van vlugtige suur teen te gaan is dit by die ongefortifiseerde wyne beter om wynsteensuur voor gisting by te voeg as daarna. Dit was ook die geval met citroensuur byvoegings tot die wit droë wyn maar by die rooi droë wyne het die vlugtige suur minder gestyg waar citroensuur eers na gisting toegedien is.

Sien ook die bakteriologiese ondersoek bls. 120

DIE SUURHEIDSGRAAD.

Die totale toenames van die suurheidsgrade van die kontrole wyne van die wit droë, en elk van die gefortifiseerde wyne is groter as die gemiddelde totale toenames van die ooreenstemmende wynsoort. By die rooi droë wyn is dit ongeveer dieselfde.

Na verwagting het die groter toedienings van beide wynsteensuur en citroensuur die mos waartoe hul gevoeg is suurder gemaak as die klein suurtoedienings.

Van groot belang is egter dat, wynsteensuur by alle wyne die grootste versurende uitwerking op die mos gehad het. Ook het die suurheidsgraad van die ongefortifiseerde wynsteensuur behandelings met die loop van tyd meer gestyg as die suurheidsgraad van die citroensuur behandelings.

Met uitsondering van die rooi droë wyn wat 'n toediening van citroensuur gekry het was, die wyne wat voor gisting suurbyvoegings gekry het, aan die einde van die proef suurder as die wyne waartoe die suur na gisting gevoeg is.

Aan die einde van die proef was die wyne waartoe wynsteensuur na gisting gevoeg is suurder as die wyne wat toedienings van citroensuur na gisting gekry het.

DIE ROOI KLEUR-INTENSITEIT:

By die rooi droë en die gefortifiseerde wyne toon die tabelle en hul bygaande grafieke dat vaste suur die kleur van die kontroles intensifiseer.

Die rooi droë wyne wat die groot byvoegings van wynsteensuur of citroensuur voor gisting gekry het, is donkerder in kleur as die wyne wat die ooreenstemmende, maar kleiner byvoegings van suur gekry het. Die verskil is grootste tussen die citroensuur byvoegings.

Van groot praktiese belang is dat die wynsteensuur behandelings van die rooi droë en die gefortifiseerde wyne altyd meer kleur gehad het as die ooreenstemmende citroensuur behandelings.

Waar suur na gisting toegedien is, het die wynsteensuur behandeling aan die einde van die proef die grootste kleur-intensiteit gehad.

Die grootste rooi kleur-intensiteit is in die rooi droë wyne verkry deur suur voor gisting by te voeg,

AANBEVELINGS.

Met verwysing na die bespreking:-

Die „Die Uitwerking van Vaste-suur“ (bls. 11) maak ek die volgende aanbevelings.

Graag sou ek daarop nadruk wou lê dat die aanbevelings gebaseer is op resultate wat in die proef verkry is.

AANBEVELING I

Dat die suurheidsgraad (pH) en nie die suurgehalte van die mos of wyn as maatstaf moet dien by die vasstelling van die grootte van 'n suurbyvoeging.

In die praktyk word daar verkeerdelik nadruk gelê op die suurgehalte van 'n mos of wyn terwyl die suurheidsgraad selde genoem word.

Suur word tot 'n mos of wyn gevoeg om dit suurder te maak en nie sodat dit meer suur moet hê nie. Daar is geen voordele verbonde aan 'n hoë vaste suurgehalte as dit nie gepaard gaan met 'n hoë suurheidsgraad nie. So byvoorbeeld, hang die suur smaak van 'n mos of

wyn af van sy suurheidsgraad, skadelike bakterie is gevoelig vir 'n hoër suurheidsgraad en nie 'n hoër suurgehalte nie. Ook is dit die suurheidsgraad wat direk 'n rol speel by die intensifisering van die kleur.

Dit volg dan dat die voordeligste suur om by te voeg, die sal wees wat die grootste verhoging van die suurheidsgraad sal veroorsaak vir 'n bepaalde hoeveelheid bygevoeg, op voorwaarde dat so 'n byvoeging nie enige nadelige uitwerking sal hê op die mos of wyn nie.

Uit die proewe het dit geblyk dat 'n klein toediening van wynsteensuur, voor gisting, nagenoeg dieselfde verhoging van die suurheidsgraad veroorsaak as 'n toediening van citreonsuur wat twee maal so groot is. Van 'n ekonomiese standpunt beskou het citreonsuur dus geen voordeel bo wynsteensuur nie.

AANBEVELING II

Dat daar gestreef word om so 'n hoër natuurlike suurgehalte in mos te hê, dat geen, of slegs klein toedienings van suur nodig is om die suurheidsgraad verder te verhoog.

Uit die aard van die saak is dit nie goed om kunsmatig die samestelling van 'n mos of wyn te verander nie as dit moontlik is om die verbeterings wat daardeur beoog word ook uit natuurlike bronne te kry nie.

In die proef het die kontroles van die verskillende wynsoorte in baie opsigte gunstig vergelyk met die behandelings wat toedienings van suur gekry het. Trouens, daar is gevalle waar 'n kontrole wyn 'n behandelde wyn oortref.

Die natuurlike suur moet beskou word as die waardevolste suur. In die bereiding van die wyn moet sorg gedra word dat van hierdie suur nie onnodig vernietig of verplaas word nie byvoorbeeld deur 'n verhoging van die kalium en calcium ionkonsentrasies.

So 'n verhoging kan ontstaan:-

1. Uit die gebruik van Kalium-meta-bisulfit in plaas van vloeibare swaweldioksied as bron van swaweldioksied.
2. As 'n konsentreerde suuroplossing in kontak kom met sement.
3. Uit die gebruik van onsuiver filtreer-materiaal

AANBEVELING III

Dat waar nodig, die suurgehalte van 'n mos of wyn verhoog word deur die toediening van wynsteensuur en nie citroensuur nie.

Uit beginsel moet wynsteensuur verkies word bo citroensuur.

Citroensuur is nie 'n produk van die wynstok nie. Wynsteensuur daarenteen, is die vernaamste natuurlike suur in 'n mos of wyn.

Op die oog was die kondisie van alle wyne met die vierde oortap goed. Uitgesonderd is die twee rooi droë wyne wat byvoegings van citroensuur voor gisting ontvang het. Hierdie twee wyne was effens dof. Vanaf na brei was alle wyne pragtig blink en helder.

Die tabelle en grafiese voorstellings van die vlugtige suurgehaltes, asook die uiteensetting van die mikroskopiese ondersoekinge op bls.120 is 'n betroubare weergawe van die gesondheid van die verskillende wyne.

Hieruit is dit duidelik dat 'n wynsteensuur toediening die ontwikkeling van skadelike bakterieë by die ongefortifiseerde wyne met groter sukses as 'n citroensuur toediening onderdruk het. Genoemde voordeel van wynsteensuur bo citroensuur is groter by die rooi droë wyne wat uit minder gesonde druiwe gemaak is as die wit droë wyn.

Die wynsteensuur behandelings van die rooi droë-, en gefortifiseerde wyne is deurgans donkerder in kleur as die ooreestemmende citroensuur behandelings.

'n Opsomming van die proe-toetse van die wyne voor hulle gebottel is, en ook daarna is ten gunste van wynsteensuur byvoegings by

die ongefortifiseerde wyne. Gefortifiseerde wyne wat byvoegings van citroensuur gekry het, was as 'n geheel 'n bietjie beter as die wat byvoegings van wynsteensuur gekry het.

AANBEVELING IV.

Dat suur voor gisting bygevoeg moet word.

Gisting is 'n kritieke stadium in die ontwikkeling van 'n wyn. Vandaar die uitdrukking ~ „ 'n Goeie gisting gee 'n goeie wyn.”

Daar is reeds gewys op die voordeel van 'n hoër vaste suurgehalte. Dit spreek dus vanself dat dit voordeliger sal wees om die suurgehalte voor gisting te verhoog as daarna.

Beide wat die vlugtige suurgehalte en die bakterie inhoud van die wit droë wyne betref, was daar min verskil tussen die toediening van wynsteensuur voor of na gisting. Op hierdie wynsoort het citroensuur wat voor gisting bygevoeg is dieselfde uitwerking as wynsteensuur gehad. Waar dit egter na gisting tot 'n kontrole wyn gevoeg is het die bakterie inhoud daarvan baie gestyg.

Die rooi droë wyne wat 'n wynsteensuur toediening voor gisting gekry het, was met die vierde oortap meer gesond as die wyn waartoe die suur na gisting gevoeg is.

Die vlugtige suurgehalte van die rooi droë wyne wat toedienings van citroensuur gekry het, het egter so veel toegeneem, dat daar op hulle geen pyl getrek kan word nie.

Die kleurintensiteit van die rooi droë wyne was grootste waar die suur voor gisting bygevoeg is.

Beide wat geur en smaak betref, was die wyne wat suurtodienings na gisting gekry het, nooit die beste wyne nie.

BIBLIOGRAFIE

Die vernaamste geskrifte wat betrekking het op hierdie ondersoekinge is die volgende:-

1. Der Wein - Von der Heide.
 2. Die Bereitung, Pflege und Untersuchung des Weines
- Kroemer und Von der Heide.
 3. Das Chemise Gleichgewicht von Weinsäure Apfelsäure
mit Dikalium Tartraat nebst einem Anhang:
Geschmack und Stärke der Säuren - Ernst Bohnen.
 4. Untersuchungen über den Säuregrad des Weines auf
grund der neueren Theorien der Lösungen
- Theodor Paul und Adolf Günther.
 1. Abhandlung
 2. Abhandlung.
 5. Die Bakterien im Wein und Obstwein und die dadurch
verursachten Veränderung - Müller-Thurgau und
A. Osterwalder.
 6. Zeitschrift für analytische Chemie über die
kwantitatiewe Bestimmung der Weinsäure durch Aus-
fällung als Weinstein - Kurt Täufel und B.W. Marloth
 7. An investigation into some physical and chemical
changes occurring during ripening - P.R. v.d.R. Copeman.
 8. Studies in the growth of grapes and other extracts
from the transactions of the Royal Society of South
Africa in connection with studies in the growth of
grapes - P.R. v.d. R. Copeman.
 9. Commercial Production of Table Wines - M.A. Amerine
and M.A. Joslyn.
 10. Commercial Production of Desert Wines - M.A. Amerine
and M.A. Joslyn.
 11. The Problem of Fermentation - Schoen and Hind.
-